

M.T. Steyn se ervaring van die Anglo-Boereoorlog vanuit ‘n sielkundige perspektief

ANDREW MCLEOD EN FRANSJOHAN PRETORIUS*

A. Vertrekpunt

Die lewe van die laaste verkose president van die *Oranje-Vrijstaat* (OVS), Marthinus Theunis Steyn, met al die hoogtepunte en laagtepunte, met sy omswerwinge en noue ontkomings, die rol wat sy vrou, sy vriende en kamerade in sy lewe gespeel het, sy vermoë om te lei en sy onwrikbare geloof in sy God, sy volk en die saak waarvoor hy gestry het, is dikwels en deeglik beskryf. Waarom word daar dan hier weer na ou feite gekyk?

Die saak wat hier in oorweging geneem word, is hoe ‘n siektetoestand van dubbelvisie en spierverswakking by ‘n betreklik jong en gesonde man kon ontstaan het. Kan die huidige wetenskaplike kennis aangewend word om hierdie vraag te beantwoord? Die doel van die studie is om die hedendaagse kennis van psigo-fisiologiese (psigosomatiese) siektes – wat algemeen as ‘n werklikheid in die moderne lewe aanvaar word en wat a.g.v. langdurige stres ontstaan – te projekteer op die mens M.T. Steyn en op sy belewenisse voor en tydens die Anglo-Boereoorlog om sodoende ‘n wyer perspektief op gebeure te kry.

Die biomediese perspektief is nie buite rekening gelaat nie, en prof. J.C. (Kay) de Villiers, emiritus professor in neurochirurgie aan die Universiteit van Kaapstad, is om sy siening t.o.v. Steyn se destydse ongesteldheid genader. Volgens De Villiers was daar oor die jare verskeie oorsake spekulatief genoem, maar steeds kon geeneen daarvan bevestig word nie.¹ Daar was o.a. die teorie dat *chroniese botulisme*, ‘n uiters rare toestand, die oorsaak kon wees. Die vraag waarom juis

* Andrew McLeod is besig met ‘n doktorsale proefskrif aan die Universiteit van Pretoria oor die psigologiese impak van die guerrilla-oorlog op die Boeremagte tydens die Anglo-Boereoorlog. Hy beskik oor die grade B.Sc. honneurs in chemie, ‘n MBA en ‘n MA in geskiedenis. Fransjohan Pretorius is professor in geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria en bekroonde skrywer van *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1991). Hy is ‘n ontvanger van die Stalsprys vir historiese wetenskappe (1998) en die FAK se Prestige-toekenning (2001).

1. J.C. DE VILLIERS, Persoonlike mededeling aan A. McLeod, 16.1.2002.

Steyn die enigste Boer sou wees wat dit oorgekom het, sal hierdie teorie, syns insiens, uitskakel. Daar was ook sprake dat 'n toestand *miastimia gravis*, weereens 'n uiters rare neuropatie wat aan ensiem-oordraging gekoppel word en wat tot verlamming kan lei, verantwoordelik kon gewees het. Die simptome stem egter nie ooreen met dit wat van Steyn se kwaal bekend is nie en dit is onwaarskynlik dat dit die oorsaak was. Dordens is 'n teorie dat die ongebalanseerde dieet, wat uit 'n oormaat van vleis bestaan het, tot *Wernicker se enkefelopatie* – 'n senuongesteldheid deur 'n tiamien-tekort geaktiveer – aanleiding kon gegee het.² Hierdie ondersoek t.o.v. stres en psigofisiologiese-ongesteldheid sluit bogenoemde en ander biomediese teorieë geensins uit nie. Dit probeer eerder die skakeling tussen psigiese en fisiese lewensprosesse beklemtoon.

B. Die jong man

Marthinus Theunis Steyn was 'n kind van die *Vrijstaat*, die vierde van Marthinus 'Blinkstewels' Steyn, 'n seun van 'n Swellendamse wamaker, en van Cecilia Wessels, dogter van kommandant M.H. Wessels van Tafelkop aan die Vetrivier.³ Sy vader, Marthinus, was 'n suksesvolle perdeboer op Zuurfontein, naby Bloemfontein, en later 'n politikus in Bloemfontein. Toe sy oudste broer skool verlaat het om te gaan boer, het hy ook sý skoolopleiding gestaak om saam plaas toe te gaan. Hy was 'n goeie ruiter en skut en 'n groot, aantreklike en teruggetrokke jong man.⁴

Maar iewers moes daar 'n kool gesmeul het wat die leiersvlam sou laat opvlam. Regter Buchanan van die *Vrijstaatse* hooggeregshof was so beïndruk met die jongeling se skrandtheid dat hy sy vader oorreed het om hom na Europa te stuur, om daar sy skoolopleiding te voltooi. Steyn het vir hierdie doel in 1877 na die gimnasium in Deventer, Nederland, vertrek. 'n Foto van die jong Steyn toon 'n skraal ernstige jong man met dromerige oë en 'n welige kuif.⁵ Tydens die oorvaart op die Dunrobin Castle was ook sy toekomsige lewensmaat, die twaalfjarige Tibbie Fraser, en haar ouers van Phillipolis aan boord. Sy studie was nou aan die veelgeroemde Inner Temple in Londen waar hy hom in die regsweese bekwaam het. Frederik Rompel noem dat sy studentebynaam 'Steentjie' was, dat hy opgeruimd en lewenslustig was sonder om sy studies na te laat.⁶

2. CD Rom: *Encyclopaedia Britannica 2002*, sleutelwoord *Wernicke*.

3. K. SCHOEMAN, *In liefde en trou: die lewe van president M.T. Steyn en mevrou Tibbie Steyn met 'n keuse van hulle korrespondensie* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1983), p. 13.

4. *Ibid.*, p. 15.

5. F. ROMPEL, *Marthinus Theunis Steijn* (L.J. Veen, Amsterdam, 1902), p. 18.

6. *Ibid.*, p. 23.

Toe hy hom, na vyf jaar se afwesigheid, in sy moederstad terug bevind het, was dit skaars ses maande voordat hy in 1883 as staatsprokureur van die OVS aangestel sou word. In 1887 het hy met Tibbie Fraser in die huwelik getree en in 1889 is hy as tweede strafregter aangestel, en kort daarna tot hoofregter bevorder. Toe F.W. Reitz tydens die laaste weke van 1895 die amp as president van die OVS moes neerlê, het die gewraakte Jameson-inval die openbare mening oorweldigend teen Britse oorheersing laat swaai, en Steyn het die presidentsverkiesing teen die Engelsgesinde John Fraser oortuigend gewen.⁷ Steyn en sy jong wederhelf Tibbie was spoedig 'n gewilde presidentspaar, beide op die oorwegend Afrikaanse platteland as in die meer Engels georiënteerde Bloemfontein.⁸

Die militêre verdrag wat in 1897 met die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) gesluit is, het die lot van die kleiner republiek stewig met dié van sy groter sustersrepubliek verbind.⁹ Dit sou die OVS eers teen sy wil in 'n oorlog indwing en later, weereens teen sy wil, dwing om vrede te maak. Steyn se vroeë pogings om die oorlogswolke, wat lank reeds aan die opbou was, te verdryf, was futiel. Enersyds wou Joseph Chamberlain en sir Alfred Milner nie 'n oplossing hê nie,¹⁰ terwyl pres. Paul Kruger aan die anderkant ewe ontoegeeflik was.

Steyn het tot op die laaste probeer om die vrede te bewaar. Op die vooraand van die stryd moes hy eindelijk aan die druk van sy eie kommandante en veldkornette toegee. Hy het wel bygevoeg:

maar weet dit as ek die dag sê dis oorlog, dan moet julle nie met my kom vrede praat nie. Dan moet dit gaan tot die bitter einde toe.¹¹

Steyn se lot as tussenganger, waar hy deurgaans die tweede viool teenoor die ZAR moes speel, het 'n lang aanloop gehad, een wat vóór die Bloemfontein-konferensie in Mei 1899 begin het. En dwarsdeur die verloop van hierdie bladsy uit Suid-Afrika se geskiedenis sou hy hom in hierdie ondergeskikte rol bevind voor, tydens en aan die einde van die oorlog. Daar sou dus van meet af baie sake gewees het, wat aan die jong, intelligente Steyn geknaag het, sake wat inderdaad aanleiding sou gegee het tot 'n ervaring van 'iets' wat vandag as *stres* geëtiketeer word.

7. *Ibid.*, pp. 31, 32.

8. K. SCHOEMAN, *In liefde en trou: die lewe van president M.T. Steyn en mevrou Tibbie Steyn met 'n keuse van hulle korrespondensie*, p. 29.

9. T. PAKENHAM, *The Boer War* (Abacus, London, 1992), p. 41.

10. L. SCHOLTZ, *Waarom die Boere die oorlog verloor het* (Protea Boekhuis, Pretoria, 1999), p. 15.


11. W.J. DE KOCK, "Pres. Marthinus Theunis Steyn. Die siel van die vryheidstryd" in J.H. BREYTENBACH (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Nasionale Pers, Kaapstad, 1949), p. 244; M.C.E. VAN SCHOOR, "President M.T. Steyn: sy rol in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902", *Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing XXVIII*, (SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, 1999), p. 2.

C. Stres en psigo-fisiologiese siektes

‘n Mens moet eers ‘n psigologiese perspektief kry, om te verstaan wat gebeur met ‘n individu wanneer veranderinge wat sy bestaan onder druk plaas, beleef word. Die toestand bekend as stres word vandag algemeen in psigologie erken as die onderliggende basis van talle abnormale lewenspatrone. Dr. Hans Selye het in die vyftigerjare van die twintigste eeu reeds die besonderhede hiervan uitgestippel en name aan die verskynsel gekoppel.

Selye was ‘n navorser in endokrinologie in Montreal. Hy het tot die slotsom gekom dat wanneer ‘n biologiese eenheid bedreig of uitgedaag word, die liggaam fisiologies reageer deur sekere kontramatreëls te tref. Hierdie matriëls het met die verhoogde afskeiding van hormone in die adrenaline- en kortisone-groep te make. Die liggaam word sodoende op ‘n gereedheidsgrondslag geplaas om die bedreiging te oorleef of te verwerk. Dit is wat Selye *stres* genoem het. *Stres* ontstaan dus wanneer sekere geïnduseerde veranderinge, bv. bedreigings, gevare of uitdagings, in ‘n individu se bestaan intree. Hierdie veranderinge is die faktore wat stres kan veroorsaak, en is deur Selye *stressors* genoem.¹²

Uit die begrip stres vloei vervolgens Selye se ‘General Adoption Syndrome Theory’ of GAS-teorie, wat die invloed van stres oor ‘n periode in ag neem. Die teorie kom daarop neer dat die individu wat onder stres verkeer deur drie stadiums beweeg, nl.:



1. Die *alarm reaksie-fase* (Eng. = *alarm reaction stage*; AR): Aanvanklik sal die bedreigde individu se weerstand tot onder die normale vlak daal (Kyk **Fig 1, AR**). Daar volg gewoonlik ‘n vinnige herstel namate die betrokke hormone wat deur die adrenale-medula afgeskei word, begin funksioneer. Die individu betree ‘n fase waar hy gereed vir aksie is, die sg. veg of vlug fase. In hierdie tyd word spesifieke liggaamsfunksies soos die hartklop, bloeddruk,

asemhaling en spiertensie deur die simpatiese werking van die brein verhoog, ter voorbereiding van enige aksie wat nodig word. Hierdie fase is gewoonlik van korte

12. H. SELYE, *The stress of life* (MacGraw-Hill, New York, 1956), pp. 53-55.

duur. As aksie nodig is, is die liggaam voorbereid. As die bedreiging verdwyn en aksie nie nodig is nie, neem die liggaam 'n tydjie om weer tot normaal terug te keer. Die situasie is verby.

2. Die *weerstand- of aanpassingsfase* (Eng. = *stage of resistance*; SR): Indien die bedreiging egter voortduur s nder dat aksie daarteen geneem word, sal die individu steeds in die toestand van gereedheid bly. 'n Tydperk waar die liggaam aangepas raak en weerstand teen die bedreiging ontwikkel, volg dan. Dit word die SR genoem. Die weerstandsvlak bly nou deurgaans bo die normaalyn (*Kyk Fig 1, SR*) omdat die medula voortgaan om verhoogde vlakke van hormone te produseer. Omstandighede sal bepaal hoe lank uitgereek hierdie fase kan wees voordat 'n volgende fase intree. Die weerstandfase is baie belangrik in die geval wat hieronder bestudeer word.

3. Die *fase van ineenstorting* (Eng. = *stage of exhaustion*; SE): Hoewel die weerstandfase of SR oor tyd uitgereek kan word, kan dit nie onbeperk voortduur nie. Die deurlopende hoer vlak van hormoonproduksie stel addisionele eise aan die fisiese liggaam en die interne bronne sal uiteindelik uitgeput raak. Op 'n bepaalde punt, wanneer die toevoer van hormone tot 'n end kom, sal die SR ineenstort en die derde fase, di  van uitputting (SE) of aftakeling tree in (*Kyk Fig 1, SE*). Selye het hierdie fase beskryf as 'n fase waar die liggaam meer vatbaar vir siektes sal wees en bygevoeg dat die dood selfs kan volg.¹³

Hans Binneveld, 'n sosio-historikus van Rotterdam, beweer dat militere opleiding juis met stres gepaard gaan om soldate daardeur te kondisioneer om stres te bemeester en die SR gevolglik verleng kan word.¹⁴

Veertig jaar se navorsing n  Selye se aanvanklike bevindings het daartoe gelei dat daar tans algemeen aanvaar word dat die menslike liggaam, na 'n uitgereekte SR, in 'n fisiese siektetoestand kan verval, algemeen *psigo-fisiologiese siektes* genoem.¹⁵ Die uitgereektheid en intensiteit van SR sal bepaal tot watter mate die liggaam verswak is, en hoe vatbaar dit vir siekte is. Die siektetoestand sal bes moontlik by 'n bestaande swak skakel in die individu se mondering te voorskyn kom.

Moderne sielkundiges het die konsep van stres verfyn en dit word tans met meer begrip, oor 'n wyer gebied, ondersoek. Antwoorde word vir probleme wat die moderne lewe bied gesoek en ook gevind. Daar is eenstemmigheid dat daar tussen drie verskillende tipes stressors onderskei moet word, en dat die stres wat daaruit

13. R. BURNS, *Coping with stress* (Maskew Miller Longman, Cape Town, 1988), p. 3.

14. H. BINNEVELD, *From shellshock to combat stress* (Amsterdam University Press, Amsterdam, 1997), pp. 99, 100.

15. C.L. SHERIDAN en S.A. RADMACHER, *Health psychology - challenging the biomedical model* (John Wiley & Sons, New York, 1992), p. 148.

voortspruit en die gevolglike bemeestering (Eng. = *coping*) daarvan, gewoonlik met die tipe stressor verband hou.¹⁶

1. *Kataklismiese stressors*: Dit ontstaan weens voorvalle wat groot getalle mense gelyktydig raak, voorvalle wat geweldig (kataklismies) in omvang is, wat traumaties is en waarop die enkeling nie veel invloed kan uitoefen nie. Hieronder sou mens natuurrampe soos aardbewings asook mensgeskepte situasies soos oorloë kan klassifiseer. Die stres wat ontstaan, is nie privaat van aard is nie, dit word met baie ander mense gedeel en onderlinge onderskraging (Eng. = *support*) kom algemeen voor. Gevolglik word bemeestering deur die individu makliker. Uit die kataklismiese stressors kan wel ook stressors van 'n persoonlike of privaat aard voortvloei, soos byvoorbeeld uitgerekte vrees tydens 'n oorlog.

2. *Persoonlike of privaat stressors*: Dit sluit gebeurtenisse, hetsy groot of klein, wat individue raak maar wat privaat beleef word, in. Hieronder sou die teenwoordigheid van 'n ongeneeslike siekte geag word. Die individu dra die las alleen of is hoogstens deel van 'n klein groepie om op te leun (Eng. = *support group*). Die stressor kan kortstondig en traumaties wees, of dit kan van laer intensiteit oor 'n langer periode strek. As daar meer as een privaat stressor bestaan, wat oor 'n tydperk strek, kan verwag word dat dit kumulatief op die individu se psige sal inwerk.

3. *Daaglikse of agtergrond stressors*. (Eng. = *hassles*): Dit is die klein, maar aanhoudende, herhalende irritasies. Dit kan ongerieflike toestande van woon of werk, fisiese of geestelike frustasies, twyfel en kwelvrae insluit. Tydens die Anglo-Boereoorlog kon dit 'n voortdurende nat slaapplek of luise in die klere gewees het. Hierdie stresfaktore, individueel beoordeel, en oor 'n kort termyn beleef, mag stellig as onbenullig afgemaak word. Nietemin, die kumulatiewe uitwerking - net soos die geval met privaat stressors - oor die langtermyn, kan ernstige afmetings afneem.

Die individu se vermoë om oor 'n langtermyn weerstand teen stres te bied (SR) sal uiteindelik knak (SE), met 'n geweldadige uitbarsting of 'n totale ineenstorting as gevolg.

Die wyse waarop 'n betrokke stressor 'n individu raak, word grootliks bepaal deur die wyse waarop daardie individu dit takseer (Eng. = *appraise*). Richard Lazarus, Amerikaanse navorser en skrywer oor stres, beweer dat 'n situasie as 'n stressor beskou moet word wanneer die individu dit as dreigend, kwaadwillig of as uitermate veeleisend beskou.¹⁷ So 'n potensiële stressor sal instinktief deur die individu as irrelevant, goedaardig of skadelik geklassifiseer word. Die begrip

16. *Ibid.*, pp. 149, 150.

17. A. BAUM *et al.*, *An introduction to health psychology* (McGraw-Hill, New York, 1997), p. 71.

skadelik sluit in dat dit gevaarlik kan wees, verlies of potensiële verlies inhou, ‘n dreigende gevaar of ‘n uitdaging kan wees.

Stressor-evaluering word bemoeilik deur situasies waar die fisiologiese simpton, wat uit langdurige stres voortvloei, later self as ‘n stressor ervaar word.¹⁸ D.w.s. die psigo-fisiologiese simpton, bv. toenemende blindheid, word op sy beurt as ‘n stressor ervaar. Hierdie faset van die stres-konsep sal later weer na vore kom.

Dit moet beklemtoon word dat daar altyd stressors in enige lewe teenwoordig sal wees. Die individu se vermoë om stres te bemeester (Eng.= *to cope*) word deur ‘n wye reeks faktore, genoem algemene weerstands-bronne (Eng. = *general resistance resources*; GRRs), beïnvloed. D.J.W. Strümpfer, van die Departement Sielkunde, RAU, beskryf fasette soos die individu se verwysingsraamwerk (Eng. = *sense of coherence*; SOC), sy persoonlike gehardheid, stamina, selfvertroue en aangeleerde kundighede as van die boustene waarop die vermoë om stres te bemeester, berus.¹⁹ Hy redeneer voorts dat ‘n individu se GRRs van so ‘n aard mag wees dat stres daartoe mag bydra dat hy gesonder en sterker word. Strümpfer praat hier van die begrippe *salutogenese*, die oorsprong van gesondheid (Lat. = *salus*), en *fortigenese*, die oorsprong van sterkte (Lat. = *fortis*).²⁰ Solank as wat die GRRs voldoende is om die weerstand te bewerkstellig wat in die SR nodig is, solank sal gesondheid, asook die innerlike sterkte, verbeter. Sou die GRRs gebrekkig wees, of selfs indien die ophoping van stressors vir die individu te veel word, mag stres uiteindelik tog die oorhand kry en SE, wat die teenoorgestelde van salutogenese is, sal intree.

Psigo-fisiologiese siektes, vroeër genoem psigo-somatiese siektes, verwys na fisiese siekte simptome wat van psigologiese oorsprong is. Dit is nie siektes wat net in die individu se verbeelding bestaan nie, maar dit het te doen met werklike simptome, werklike skade aan liggaamsdele. Dit is nié hiperkondria of aansittery nie.²¹

D. Steyn se ervarings, gesien vanuit ‘n psigologiese hoek

In hierdie afdeling sal gebeurtenisse en verwickelings rondom Steyn heen bespreek word, met die doel om te bepaal of die voorvalle deur hom as stressors ervaar en

-
18. C.L. SHERIDAN en S.A. RADMACHER, *Health psychology - challenging the biomedical model*, p. 150.
 19. D.J.E. STRÜMPFER, “Salutogenesis: A new paradigm”, *South African Journal for Psychology*, 1990, 20(4), p. 265.
 20. *Ibid.*, p. 265; D.J.E. STRÜMPFER, “The origins of health and strength: from ‘salutogenesis’ to ‘fortigenesis’”, *South African Journal for Psychology*, 1995, 25(2), p. 82.
 21. C.L. SHERIDAN en S.A. RADMACHER, *Health psychology - challenging the biomedical model*, p. 155.

getakseer is. Ondanks die feit dat daar in 1900 nie kennis oor stres bestaan het nie, beteken dit nie dat die toestand nie bestaan het nie. Norme vir elemente om as stressors aanvaar te word, mag wel met verloop van tyd verander het. Kennis van die heersende norme in 'n bepaalde tyd, is van groot belang, soos deur die Nederlandse sielkundige J.H. van den Berg verduidelik word in die teorie, wat hy die leer van verandering of metabletika noem.²² Nogtans sou die biologiese funksies, t.w. die afskeiding van hormone, die verloop van stres volgens die GAS-teorie, die liggaam se reaksie om aan 'n psigo-fisiologiese kwaal toe te gee, eenhonderd jaar gelede dieselfde gewees het as tans. Gevolglik sal 'n geskiedkundige in 2002 homself eenvoudig in 'n posisie moet plaas om die maksimum begrip te hê vir die elemente wat vir sy onderwerp as stressors sou gegeld het.

Voordat Steyn se oorlog-ervarings bespreek word, moet 'n mens kortliks sy algemene weerstandsbronne (GRRs) noem. Aan Strümpfer se boustene, d.i. sy verwysingsraamwerk, innerlike gehardheid, stamina, selfvertroue en aangeleerde vermoëns het daar klaarblyklik nie veel ontbreek nie. Die inleidende gedeeltes van hierdie studie dui reeds daarop, alhoewel daar heelwat op uitgebrei kan word. Sy huislike agtergrond, jeugjare op die plaas, buitelandse opleiding en blootstelling en sy aangebore intelligensie het tot stewige GRRs bygedra. Dit het hom van 'n skans teen stres voorsien, 'n skans wat hom baie lank sou beskerm.

Oktober 1899 - Maart 1900

Voor die kritieke maand van Oktober 1899, het gebeure reeds getoon dat Steyn 'n ondergeskikte rol gehad het om te vervul. Vir Groot-Brittanje het die geskil oor die ZAR gegaan, en andersom. Dat die OVS tussenin vasgevang was, was ongelukkig, maar onvermydelik. Steyn se pogings om te voorkom dat 'n oorlog uitbreek, was vergeefs. Kon daar, bo en behalwe die stres van 'n komende oorlog, voor Oktober alreeds oor hierdie faset ongelukkigheid en frustrasie bestaan het? Was dit 'n privaat stressor vir Steyn?

Van meet af het hy kritiek van sy eie magte gekry, toe hy, as die opperbevelhebber van die OVS-mag (die historikus W.J. de Kock het hom as 'n tydelike diktator bestempel)²³ nie jonger leiers wou aanstel nie. Frederik Rompel het dit soos volg beskryf:

Ons moet sterke, fluksche kèrls, nie ou - goei - menschen hé, nie.²⁴

22. J.H. VAN DEN BERG, *Leven in meervoud - een metabletisch onderzoek* (Callenbach, Nijkerk, 1957), p. 22.

23. W.J. DE KOCK, "Pres. Marthinus Theunis Steyn. Die siel van die vryheidstryd" in J.H. BREYTENBACH (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 244.

24. F. ROMPEL, *Marthinus Theunis Steijn*, pp. 64, 65.

Regter J.B.M. Hertzog se raad om die onbeholpe offisiere met presidensiële aanstellings te vervang, wou Steyn aanvanklik nie aanvaar nie. Was sy mensekennis in daardie stadium wyd genoeg dat hy hierdie neteligheid kon hanteer, of sou dit ook tot een van die knaende stressors ontwikkel?

Binne twee maande na die uitbreek van vyandighede is sy mensekennis weer voor 'n toets gestel toe hy as beslegter van die geskil tussen genl. Piet Cronjé en genl. Koos de la Rey oor die plasing van die burgers by Magersfontein moes intree. Hy kon die situasie met diplomatie red en dit lyk asof sy mensekennis tog inherent daar was. Maar hy moes druk van twee kante verwerk en daarvoor het hy insig, selfvertroue en vaardigheid (boustene vir GRRs) nodig gehad.

Die geskiedenis van die slag van Magersfontein, gevolg deur 65 dae van passiewe afwagting, die onverwagte ontsetting van Kimberley en die slag van Paardeberg, is welbekend. Tydens die besoek van pres. Kruger aan Bloemfontein op 5 Maart was Steyn reeds onder druk om vrede te soek. 'n Kabelgram, met bepaalde vredesvoorstelle, is deur die twee presidente direk aan die Britse eerste minister, lord Salisbury, gestuur. P.G. Cloete beweer dat Steyn teësinnig aan die versending van die kabelgram meegedoen het, alhoewel dit sy naam gedra het. Dat die kabel swak taktiek was, verduidelik Breytenbach.²⁵ Maar dit is belangrik om daarop te let dat die oorlog nog nie vyf maande aan die gang was nie, en reeds het Steyn voor die oorlogtraagheid van sy bondgenoot te staan gekom. Die vraag kan gevra word of hierdie situasie toe reeds vir hom 'n volwaardige privaat stressor was en of dit vir eers sluimerend in sy onderbewuste gelê het.

Om skande by die skade te voeg, het honderde van die OVS se burgers duidelik hulle onwilligheid om voort te veg, getoon. Hoe kon die jong leier sy bondgenoot verkwalik, as sy eie burgers ook by die honderde tou opgooi? Vir hom en leiers soos De Wet en Hertzog moes dit byna kataklismies gewees het, juis toe hy saam met sy regering en administrasie Bloemfontein as die *Oranje-Vrijstaatse* hoofstad moes afstaan. De Kock haal Steyn self aan waar hy die burgers se diepe verslaenheid weens die inname van Bloemfontein beskryf:

Er was geen moed, geen lust meer om te strijden ...²⁶

Steyn self was egter bereid om die stryd voort te sit. Sy weerstandsbronne (GRRs), o.a. sy gehardheid en selfvertroue, moes hom waarskynlik weer onderskraag het. 'n Mens weet dit ongelukkig nie met sekerheid nie.

Te Kroonstad is die welbekende gekombineerde krygsraad met die ZAR op 17 Maart gehou, met Steyn die voorsitter. Dáár is op voortsetting van die stryd,

25. P.G. CLOETE, *The Anglo-Boer War: a chronology* (J.P. van der Walt, Pretoria, 2000), p. 114; J.H. BREYTENBACH, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog*, V (Staatsdrukker, Pretoria, 1983), p. 23.

26. W.J. DE KOCK, "Pres. Marthinus Theunis Steyn. Die siel van die vryheidstryd" in J.H. BREYTENBACH (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 248.

volgens nuwe strategiese beginsels en voorwaardes, besluit. M.C.E. van Schoor is van mening dat Steyn, in sy rol van voorsitter, die deurslag vir hierdie besluit gegee het. Die uitvoering van die strategie, nl. om in kleiner eenhede die vyand voortdurend lastig val, het Steyn egter aan sy offisiere, veral Christiaan de Wet, oorgelaat.²⁷

April 1900 - September 1900

Kort daarna, op 31 Mei 1900, het Steyn 'n telegram van Kruger ontvang, waarin hy die onwilligheid van ZAR burgers om voort te stry, bekla het. Hy het 'n ernstige versoek aan Steyn gerig om hom by Machadodorp te besoek om verwikkelings te bespreek. Maar slegs 'n uur later het Kruger weer telegrafies vir Steyn laat weet dat hy 'n breë krygsraad belê het om die toestand te bespreek. Indien die resultaat daarvan negatief sou wees, so het Kruger voorgestel, moes Roberts met vredesvoorstelle genader word. Steyn het twee dae laat verloop voordat hy op hierdie boodskappe gereageer het. Sy antwoord het sterk beskuldigings, o.a. van lafhartigheid, teen die ZAR-leierskap bevat. Hy het gedreig dat die OVS alleen die stryd sou voortsit as dit nodig word.²⁸ Gedurende daardie twee dae moes enige twyfel wat hy in Bloemfontein oor sy bondgenoot gekoester het, tot die realiteit oorgegaan het. Hierdie wete was nou 'n volwaardige stresfaktor. Weens sy posisie kon hy dit egter met min mense deel, dit was sy persoonlike las om te dra.

Dit was kritieke dae in die verloop van die oorlog en hierdie wisseling van boodskappe was van die uiterste belang. Let daarop dat Pretoria in daardie datum nog nie ingeneem was nie – Johannesburg wel. Die krygsraad, wat in die raadsaal van die Tweede Volksraad vergader het, moes Steyn se sterk bewoorde antwoord en beskuldigings aanhoor. Dít, gevolg deur 'n vurige ondersteuning deur kapt. Danie Theron, het kommandant-generaal Louis Botha en staatsprokureur Jan Smuts oorgehaal dat die stryd moes voortgaan. Pretoria, net soos Bloemfontein, sou egter nie verdedig word nie.²⁹

Intussen het daar boonop, op hierdie kritieke tyd, 'n magstryd tussen die *Vrijstaatse* generaals ontwikkel. Oskar Hintrager, 'n Duitse artilleris wat hom in die noordelike OVS bevind het, was geskok deur die ongeorganiseerde vlug na Bethlehem, die eiesinnigheid van offisiere en die onwilligheid van burgers om

27. P.G. CLOETE, *The Anglo-Boer War: a chronology*, p. 119; M.C.E. VAN SCHOOR, "President M.T. Steyn: sy rol in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902", *Genl. J.B.M. Hertzogedenklesing XXVIII*, p. 10.

28. P.G. CLOETE, *The Anglo-Boer War: a chronology*, p. 153.

29. *Ibid.*, pp. 153, 154; J.H. BREYTENBACH, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, V, pp. 539, 541; T. PAKENHAM, *The Boer War*, p. 432.

Bethlehem teen die invallers te verdedig.³⁰ Die prentjie was donker en sonder veel hoop. Plotseling, byna onverklaarbaar, het die grootste gedeelte van die OVS-mag hulle, vroeg in Julie, in die Brandwaterkom bevind. Die konsentrasie van magte in so 'n posisie was van meet af aan 'n fout. Geografies was die kom so dat omsingeling deur 'n sterk vyand baie moontlik was. De Wet, met sy ingebore krygstalent, moes dit besef het, want op 'n krygsraad op 13 Julie is besluit om die kom in drie groepe te verlaat.

Steyn, wat saam met De Wet se eerste groep oor Slabbertsnek uitgetrek het, moes eers op Fouriesburg van sy vrou en kinders – asook van 'n aantal swakmoedige regerings-amptenare – afskeid neem. Sy familie sou hy nie weer sien alvorens vrede in 1902 aangebreek het nie. Mev. Steyn is op Fouriesburg deur die Britte onder beskerming geplaas en na Bloemfontein teruggestuur. Steyn sou voortaan saam met sy burgers in die veld bly. Van Schoor haal Gerrit Boldingh aan:

Met zijn Mauser op den rug rijdt hy steeds evenals gewone burger te paard mede....Het versleten zaal van een Basoetoe-ponie diende as presidentszetel....³¹

Om 'n reeds gedemoraliseerde mag agter te laat en om op die leiding van genl. Paul Roux staat te maak, was klaarblyklik 'n fout. Die woorde “Huis toe!” was maar te algemeen gehoor. Pas het Steyn en De Wet hulle rûe gedraai of Marthinus Prinsloo het weer die leisels oorgeneem. Prinsloo was gou om met luitenant-generaal Archibald Hunter oorgawe-terme ooreen te kom en hy en ander generaals het uiteindelik met 'n groot totaal van 4 314 burgers, groot getalle waens, perde, skape, en beeste oorgegee.³²

'n Patroon in Steyn se ervarings behoort nou sigbaar te word. Telkens as sy bemoediging in die geledere van sy bondgenoot nodig geword het, moes hy ook op eie werf sy burgers en offisiere versterk. Hy sou bewus gewees het van die 'huis toe'-gees onder die *Vrijstaters* en 'n mens moet aanvaar dat hierdie saak 'n gevoel van magteloosheid by hom sou ontketen het. Hy was nietemin vasbeslote om in die ZAR te kom en om Kruger by te staan, en die tweedrag tussen sy eie mense moes vir eers agterweë bly. Maar in sy gemoed sou dit hom wel bygebly het.

Steyn en De Wet moes onmiddellik voor die vasberade Britse magte uitvlug. Roberts het, nadat De Wet oor Slabbertsnek ontglip het, besluit dat hy vir eens en altyd uitgeskakel moes word. En Steyn was saam met sy hoofkommandant in hierdie vlug vasgevang. Die twee OVS-leiers het hulleself in die posisie bevind

30. J.J. OBERHOLSTER (red.), “Dagboek van Oskar Hintrager - Saam met Christiaan de Wet, Mei tot September 1900” in *Christiaan de Wet-Annale*, 2 (S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, 1973), pp. 44-54.

31. M.C.E. VAN SCHOOR, “President M.T. Steyn: sy rol in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902”, *Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing XXVIII*, p. 11.

32. T. PAKENHAM, *The Boer War*, pp. 443, 444.

waar hulle veg-veg moes vlug. In teenstelling met taktiese vlug,³³ is halsoorkop vlug allermens wat 'n guerrilla-mag graag doen.³⁴

Bedreig deur stressors van alle kante – 'n onwillige bondgenoot oorkant die Vaalrivier, mismoenigheid onder sy eie mense, ylins te moet vlug voor 'n vasberade vyand, 'n lewe buite op die koue *Vrijstaatse* vlakke soos enige van sy burgers, dit alles nadat 'n derde hoofstad afgestaan moes word en hy van sy vrou en kinders geskei is - moes groot eise aan sy vermoë om verskeie soorte stres te bemeester (*to cope*), gestel het. Die stewige basis van weerstandsbronne waaroor Steyn beskik het, het hom goed te staan gekom. Dit moet nietemin aanvaar word dat Steyn hom in daardie stadium alreeds permanent in die fase van weerstand (SR) bevind het.

Met die Britte oral om hulle heen, ná 'n tipiese Augustusmaandse stofstorm, slaag hulle eindelijk om by Schoemansdrif oor die Vaalrivier te trek. Rompel het dit soos volg beskryf:

De mannen hadden zich niet meer bekommerd om barstende bomme: zij waren te dof van geest geweest om het eigen lewen nog te kunnen achten.³⁵

Nadat hulle die rivier oor is, het Steyn by De Wet en sy *Vrijstaters* gebly totdat hulle op 18 Augustus by Krokodilrivier uitmekaar gegaan het. Steyn het daarvandaan met sy geleide na Kruger vertrek.

Hierdie faset van die Anglo Boereoorlog staan vandag as die eerste dryfjag op De Wet bekend en historici lê klem daarop dat dit die Britte se primêre doel was om Christiaan de Wet vas te trek. Desondanks het Steyn gedurende die eerste weke daarvan eweneens die militêre druk van 'n Britse oormag ervaar en vrese en ontberings moes bemeester.

Teen die einde van Augustus het hy Kruger, 'n veel ouer Kruger, op Waterval-Onder aangetref.³⁶ Die besef dat hy persoonlik voortaan die aansporingswerk sou moes onderneem, het tot hom deurgedring. Die nederlaag van die Boere by Bergendal (Dalmanutha) het sy voorneme versterk dat 'n nûwe benadering nodig geword het. Nogtans sou hy twyfel. Die brief van Roberts aan Louis Botha oor sy voorneme met die Boerevroue en -kinders, het veroorsaak dat dit vir Steyn “...een bange strijd om te beslissen ...” beteken het,³⁷ 'n stryd om te besluit of voortgesette

33. G. NATRASS en S.B. SPIES, *Jan Smuts, memoirs of the Boer War* (Jonathan Ball, Johannesburg), p. 115.

34. C.R. DE WET, *De strijd tusschen Boer en Brit* (Höveker & Wormser, Amsterdam, 1902), p. 131.

35. F. PRETORIUS, “Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet”, *Christiaan de Wet-Annale*, 4 (S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, 1976), pp. 118-134; F. ROMPEL, *Marthinus Theunis Steijn*, p. 102.

36. F. ROMPEL, *Marthinus Theunis Steijn*, p. 104.

37. F. Rompel, *Marthinus Theunis Steijn*, p. 106.

oorlog hoegenaamd geregverdig kon word. En dít sou die las wees wat hy vorentoe man alleen, vir altwee die republieke, sou moes dra. Dit was byna 'n ongevraagde verantwoordelikheid. Maar hy het die las aanvaar want tydens samesprekings tussen die twee regerings, het Steyn sy planne vir 'n oorlog op 'n nuwe grondslag voorgelê. Hy het 'n tipe oorlogvoering waar die republiekeine die vyand se eie ammunisie teen hom moes gebruik en van sý kos sou leef, bepleit. Rompel meld dat die voorstel onmiddellike instemming gekry het. Kort daarna, tydens 'n krygsraad by Hectorspruit, waar die OVS se Uitvoerende Raad ook teenwoordig was, is besluit om die stryd

onverbiddelik voort te setten ...Voornamelijk door Steijn's bezielde woord was dit heroïek besluit gevallen.³⁸

Nogmaals kom sy GRRs ter sprake.

Vanaf Hectorspruit het Steyn eers vir Botha vergesel om die nuwe benadering aan kommando's in die noordelike gebiede van die ZAR te verduidelik. Teen die einde van Oktober het hulle saam met De la Rey en Smuts by Cyferfontein naby Rustenburg vergader om strategie vir die toekoms te bespreek. Kort daarna het hy weer by De Wet aangesluit.

Steyn het hom sedert sy vertrek uit die *Vrijstaat* aan die begin van Augustus, tot aan die einde van Oktober, dus uitsluitlik aan die herorganisering en hermotivering van sy bondgenoot se strydmag gewy. Die stressors wat hy in die OVS agtergelaat het, het nie verdwyn nie, maar ná sy besoek aan sy ampsgenoot en die taak wat hy daarna op homself geneem het, het sy las net swaarder geword. Dit was vir hom egter van soveel belang om die magte van die ZAR aan die gang te hou, dat hy twee maande daaraan opgeoffer het. Desondanks sou die ZAR se herhaalde aanduidings dat hulle die stryd wou laat vaar, vir Steyn 'n doring in die vlees bly, wat hom bly folter het.

Oktober 1900 - Augustus 1901

Die oorlog het sy tweede jaar ingegaan en die nuwe eeu het amptelik aangebreek, maar die toestande in Suid Afrika het nog nie drasties verander nie. Aan Britse kant het koningin Victoria op 22 Januarie 1901 gesterf, kort nadat genl. lord H.H. Kitchener die opperbevelhebber van Britse magte in Suid Afrika geword het. Hy was ernstig besig om die beleid van verskroeiende aarde uit te bou, in 'n poging om die oorlog tot 'n spoedige einde te bring.

Aan die anderkant was die Boere besig om hulle nuwe beleid van guerrilla-oorlogvoering, aanvanklik met 'n redelike mate van sukses, toe te pas. Na die eerste onsuksesvolle poging om die Kaapkolonie binne te val, en hulle noue ontkoming by Springhaansnek, het die Britte vir Steyn en De Wet vir eers met rus

38. F. Rompel, *Marthinus Theunis Steijn*, pp. 106, 107.

gelaat. Dit het die OVS-leiers die kans gegee om, noord van Winburg, saam te trek, waar Steyn as president herkies is.³⁹

Hy het saam met De Wet dadelik na die Kaapkolonie-grens teruggegaan en dit op 10 Februarie by Sanddrif oorgesteek, met die Britse agtervolgers reeds kort op hulle hakke.

“De grote macht werd achter genl. De Wet en mij geconcentreerd,” was Steyn se woorde. Dwarsdeur hulle tog in die sentrale Karoo moes opofferings van burgers, perde en waens gemaak word.⁴⁰ Aan die einde van Februarie het hulle na OVS-grond teruggekeer... “Manschappen en paarden waren uitgeput”, volgens Steyn.⁴¹ Hulle was deurgaans gejag, met min om vir die opoffering te wys.⁴² Dit was ‘n tyd van gedeelde gevaar, onbereikte doelwitte, frustrasies en ontberings. De Wet se beskrywing van die tonele wat hulle op die walle van die vol Oranjerivier afgespeel het, dien as aanduiding van die stresvolle omstandighede waaronder die burgers én leiers verkeer het en die verligting wat gevolg het.⁴³ Die liggaam se behoefte aan addisionele adrenaline en cortisone was vir eers verby.

Kort na Botha se samesprekings met Kitchener op Middelburg in Februarie 1901 het Steyn ‘n versoek van Botha ontvang om hom en sy regering te ontmoet,

daar zij (d.i. die regering) enigszins wankelmoedig begon te worden.⁴⁴

Tydens hierdie ontmoeting, in April, aan die Kliprivier, is vir die soveelste keer saam besluit om met die stryd vol te hou. Steyn het die feit dat die staatssekretaris van die ZAR, F.W. Reitz, sterk ten gunste van voortgesette oorlog was, beklemtoon. Dit is dus begryplik dat ‘n brief, wat hy in Mei ontvang het, en wat deur Reitz onderteken was, hom ‘diep verontwaardig en teleurgestel’ het.⁴⁵ In hierdie brief, voortvloeiend uit die ZAR se bekende De Emigratie-byeenkoms, is

-
39. P.G. CLOETE, *The Anglo-Boer War: a chronology*, p. 218; W.J. DE KOCK, “Pres. Marthinus Theunis Steyn. Die siel van die vryheidstryd” in J.H. BREYTENBACH (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 253.
 40. N.J. VAN DER MERWE, *Marthinus Theunis Steyn, ‘n lewensbeskrywing*, II, (Nasionale Pers, Kaapstad, 1921), p. 68; P.G. CLOETE, *The Anglo-Boer War: a chronology*, pp. 222-226.
 41. N.J. VAN DER MERWE, *Marthinus Theunis Steyn*, II, p. 68.
 42. C.R. DE WET, *De strijd tusschen Boer en Brit*, pp. 264-290; W.J. DE KOCK, “Pres. Marthinus Theunis Steyn. Die siel van die vryheidstryd” in J.H. BREYTENBACH (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 254.
 43. C.R. DE WET, *De strijd tusschen Boer en Brit*, pp. 288, 290.
 44. N.J. VAN DER MERWE, *Marthinus Theunis Steyn, ‘n lewensbeskrywing*, II, p. 69.
 45. *Ibid.*, p. 70; W.J. DE KOCK, “Pres. Marthinus Theunis Steyn. Die siel van die vryheidstryd” in J.H. BREYTENBACH (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 253.

voorgestel dat vredesonderhandelings wel met Kitchener aangeknoop word. Steyn se geduld het moontlik begin dun skuur, want sy antwoord was skerp.⁴⁶

De angst maakke zich van mij meester dat op 'n goede dag wij zouden horen dat de Transvaalse Regering zich had overgegeven.⁴⁷

Want sou die ZAR oorgee, wat sou die OVS en Kaapse rebelle te doen staan? Hy was verontwaardig dat Kitchener genader was alvorens die OVS nog geraadpleeg is.⁴⁸ Hy is blatant oor die hoof gesien en sy antwoord, deurvleg met tereg wysings en beskuldigings, was NEE.

Al deze punten doen mij geloven dat wij een volksmoord zullen begaan als wij thans ingaven. Broeders! Staat dus nog langer vast! Maak toch niet ons lijden en strijden in het verleden vergeefs geweest en dat vertrouwen op den God onzer vaderen tot spotterij word.⁴⁹

Hierdie herhaaldelike moedeloosheid van die ZAR-regering moes vir Steyn die tipe stressor geword het, wat, sodra dit bemeester is, opnuut opduik en sy eise stel. In die maande wat gevolg het, sou Steyn dit weer telkens ervaar. Sy sterk weerstandsbronne sou hom weer en weer moes bystaan. Oor hierdie besondere geleentheid kon hy later skryf: "De kogel was echter door de kerk". Wat sou dit hom baat om teleurgesteld of verontwaardig te wees?⁵⁰ Desondanks het hy onmiddellik vir De Wet, De la Rey en Hertzog na hom toe laat kom. Hulle het die ZAR-regering op 20 Junie by Waterval naby Standerton ontmoet.

Steyn, uiters gebelgd, het alvorens daar nog tot 'n bespreking oorgegaan is, met nadruk geprotesteer

tegen de schending van de overeenkoms tussen mij en president Kruger ... Ik objekteerde dat men de Vrijstaat als 'n 'dummy' zou behandelen.⁵¹

Maar waar hy verwag het dat harde woorde nodig sou wees om die ZAR-regering tot ander insigte te bring, het hy hulle soos tevore heel gewillig gevind om die stryd voort te sit. Onlangse militêre suksesse, Kruger se antwoord op Smuts se telegram⁵² en die strydlustige gevoel van sekere ZAR-generaals het die wankelmoedigheid oënskynlik laat verdwyn. Inderdaad, daar is gesamentlik besluit

46. P.G. CLOETE, *The Anglo-Boer War: a chronology*, p. 239.

47. N.J. VAN DER MERWE, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing*, II, p. 70.

48. *Ibid.*, p. 71.

49. *Ibid.*, p. 74; P.G. CLOETE, *The Anglo-Boer War: a chronology*, p. 239.

50. N.J. VAN DER MERWE, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing*, II, p. 71.

51. *Ibid.*, II, p. 77.

52. W.K. HANCOCK, *Smuts, The sanguine years 1870-1919* (Cambridge University Press, Cambridge, 1962), p. 130.

om ‘n dank- en biddag in Augustus te belê, om sodoende die moreel van die Boere te versterk.⁵³

Tesame met De Wet en Hertzog het Steyn na die OVS teruggekeer – die Britte onmiddellik weer op hulle spoor. Militêre bedreiging het politieke druk afgewissel en met dagbreek van 11 Julie is Steyn in die dorp Reitz byna deur die Britse magte gevang. Met die hulp van sy agterryer, Ruiters, kon die president vir die soveelste keer ontsnap, hoewel die OVS se Uitvoerende Komitee, die presidensiële sekretarisse en lyfwag gevange geneem is. Die regering se dokumente, insluitend daardie gewraakte brief van 10 Mei, asook £11 500 kontant, is terselfdertyd gebuit.⁵⁴

Hierdie katastrofe het nog ‘n nuwe soort druk op die OVS se president geplaas. Dienste wat hy tot in daardie stadium as president van sekretarisse en lyfwagte geniet het was skielik nie meer daar nie. Daaglikse klein takies sou hy nou self moes doen en chroniese irritasies het sekerlik gevolg.

Om perspektief aan die gebeure te verleen, is dit nodig om daarop te let dat Kitchener se verskroeiende aarde-beleid teen Julie 1901, d.w.s. in mid-winter, ten volle op dreef was. In die Kaapkolonie alleen het blokhuislinies reeds meer as 500 kilometer beslaan. Daar was teen Julie byna 100 000 mense in blanke konsentrasiekampe.⁵⁵ Plase en huise is daaglik afgebrand. Steyn was natuurlik bewus van hierdie sake, wat tesame met al die ander stressors hom gedurig in die weerstandsfase (SR) gehou het.

Op Kitchener se dreig-proklamasie in Augustus om alle burgers wat aktief oorlog voer, permanent uit die land te verban, kon die wetsgeleerde Steyn nog spottenderwys antwoord dat Britse gesag slegs só ver strek as wat hulle beste kannon kon skiet. Steyn was, op die oog af, nog vol moed.⁵⁶ Desnieteenstaande het hy toe reeds ‘n ongewone groot aantal stressors moes verduur. Daar was dié waar hy die bedreiging met ander kon deel, waar daar ‘n ondersteuningsgroep om hom heen was. Maar daar was ook die ander waar hy, uit hoofde van sy amp, die paadjie alleen moes loop, waar hy net sy eie GRRs gehad het om op te steun.

53. W.J. DE KOCK, “Pres. Marthinus Theunis Steyn. Die siel van die vryheidstryd” in J.H. BREYTENBACH (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 255.

54. P.G. CLOETE, *The Anglo-Boer War: a chronology*, p. 252.

55. *Ibid.*, p. 247.

56. *Ibid.*, p. 259.

September 1901 - Maart 1902

Met die koms van die lente in 1901 het toestande nie oornag verbeter nie. Daar was wel 'n ommekeer in die republikeine se standpunt teenoor die Kaapkolonie. Steyn het nl. aan asst. hoofkommandant P.H. Kritzinger in 'n brief wat ook aan ander OVS-bevelvoerders gestuur is, 'n plan voorgelê waardeur die Kaapse-rebelle as 'n derde party in die stryd betrek word. Hy het herbevestig dat die twee republikeie geen vredesvoorstelle sou oorweeg wat nie die Kaapse-rebelle se regte erken nie.⁵⁷ Ondanks die feit dat hierdie besluit strydig met die republikeie se oorspronklike siening was, was die Kapenaars immers hoogs aktief in die toepassing van 'n treiterings-taktiek. Steyn sou hierdie lojaliteit teenoor die Kaapse rebelle enduit behou.

Begin September het Jan Smuts eindelijk, met ongeveer 250 man, daarin geslaag om die Oranjerivier oor te steek, en die Kaapkolonie binne te trek. Botha het 'n poging aangewens om Natal binne te val - 'n maneuver wat later sinneloos sou blyk.

By Kitchener, toe reeds byna twee jaar in Suid Afrika, kon teen Oktober tekens van moedeloosheid bespeur word:

Extermination... is a long and very tiring business... they seem as fanatically disposed to continue the war as ever ...⁵⁸

en kort daarna

strong rumours current everywhere that I am to be relieved of my command... Perhaps a new commander might be able to do something more than I to hasten the end of the war,⁵⁹

het hy onderskeidelik teenoor St John Broderick en lord Roberts opgemerk. Dít het die Boere egter nie geweet nie.

Teen hoogsomer, toe die blokhuislinies resultate begin toon het, het Kitchener weer ernstig met sy dryfjagte voortgegaan. Vir eers het 'n sg. konsentriese dryfjag in die noordoostelike OVS nie veel resultate opgelewer nie. En toe die Britte in Desember gedwing is om 'n eierdans oor die konsentrasiekampe uit te voer, het hulle nogmaals ernstig probeer om De Wet, en dan natuurlik ook Steyn, met 'n normale dryfjag vas te trek. Maar weer het dit nie geslaag nie. Op 16 Desember kon Steyn en De Wet nog saam Dingaansdag naby Lindley herdenk. Nietemin het Steyn se skrywe van 10 Desember aan Kitchener getoon dat die onlangse Britse dreigement om die vroue en kinders uit die kampe vry te laat, vir Steyn erg ontstel het. Daar is bewys dat hy op papier skerp daarteen gekant was, maar in sy gemoed moes hy sekerlik diep daarvoor gewroeg het. Enersyds sou hy en sy kamerade bitter

57. *Ibid.*, p. 261.

58. *Ibid.*, p. 272.

59. *Ibid.*, p. 276.

graag die vroue en kinders uit hulle swaarkry in die kampe verlos wou sien. Maar, andersyds, indien hulle vrygelaat sou word, waarheen sou hulle kon gaan? Daarbenewens sou menige burger wat nog voortgestry het, dan summier die wapen neergelê het om huis toe te gaan en saam met sy gesin die heropbou te begin. Hierdie kwelvraag moes vir Steyn 'n uitgerekte foltering gewees het, terwyl De Wet, op sy kenmerkende manier, botweg laat weet het dat hy die aanbod weier.⁶⁰

In die nasomer het Kitchener sy pogings met die sg. 'new model drives' verskerp. Hierdie intensiewe veeg-maneuvers, wat op die gevangene van De Wet, of dan soveel as moontlik van sy burgers, diere en toerusting toegespits was, het vroeg in Februarie 1902 begin. Die onvermydelike gevolg van die Britse oormag het die lewe vir De Wet se magte versuur. Dit word egter selde vermeld dat Steyn deurgaans saam met De Wet aan hierdie massiewe jagmaking blootgestel was. De Wet vermeld sy teenwoordigheid etlike male in sy herrineringe. Rompel het dit soos volg beskryf:

Meer dan een maand lang werden zij door Britsche colonnes gejaagd en vanuit gepantserde treinen en blokhuisen beschoten, maar de Vrijstaters glippen telkens door het cordon, vaak helaas, met vrij zware verliezen.⁶¹

Ondanks die eer wat Kitchener te beurt sou val indien hy die befaamde Christiaan de Wet kon vastrek, kan daar min twyfel bestaan dat dit ook die einde van die oorlog sou beteken as die OVS se president terselfdertyd gevang kon word. 'n Mens moet aanvaar dat Steyn hierdie dilemma self besef het, en saam met ál die ander stressors boonop in die privaatheid deur hierdie gedagte gekasty is. De Wet en Steyn se voortgesette vryheid in die eerste maande van 1902 was inderdaad die spil waarom die voortsetting van die oorlog gedraai het. Selfs nie De la Rey of Hertzog sou die stryd sonder hulle lank kon laat voortduur nie.

Die druk op Steyn se weerstandsbronne moes teen daardie tyd geweldig gewees het. Bronne toon dan ook dat fisiologiese probleme op daardie tydstip by die OVS-president na vore getree het, en dat hy terdeë daarvan bewus was. Hy het De Wet gevra om saam met hom na De la Rey te reis, oënskynlik om "omtrent de toestand van zaken" te gaan beraadslaag, maar eintlik om dr. Von Rennenkampf oor sy toenemende dubbelvisie te spreek.⁶²

Die 'zaken' wat hy in gedagte gehad het, was o.a. om Hertzog deur Duitse gebied na Europa te stuur om president Kruger en die deputasie op hoogte van die stand van sake te bring. Miskien moes daar by hom innerlik nog wantroue teenoor die

60. *Ibid.*, p. 282.

61. C.R. DE WET, *De strijd tusschen Boer en Brit*, pp. 356, 357, 361 & 364; F. ROMPEL, *Marthinus Theunis Steijn*, p. 144.

62. N.J. VAN DER MERWE, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing*, II, p.81; C.R. DE WET, *De strijd tusschen Boer en Brit*, p. 366.

ZAR gesmeul het, en daarom wou hy, onafhanklik van hulle, kontak met die leiers in Europa maak. Die tyd hiervoor was egter reeds verby.

Twee sake moet hier uitgelig word. Eerstens, sedert die byeenkoms te Waterval moes Steyn deurentyd saam met hierdie wantroue teenoor die ZAR se verbondenheid tot die stryd geleef het. Die tyd sou bewys of dit redelik was. En tweedens, het sy oogkwaal se verslegting hom tot optrede aangespoor. Want juis op daardie kritiese tydstip het sy vermoë om te sien, en bowenal om te lees, drasties verswak. Die talle bedreigings, uitdagings, lewensgefare en daaglikse probleme wat Steyn vir meer as twee jaar van alle kante af ervaar het, het nou saamgespan om hom die nekslag toe te dien. Die SR het die breekpunt bereik en 'n psigo-fisiologiese sieke het tydens SE na vore gekom. Hy het dubbelvisie ontwikkel. Opsigself was dit 'n stremming, 'n simpton, wat belangrik genoeg was om hulp te gaan soek. Maar hy het hom boonop daarvoor bekommer omdat dit sy funksionering as president in die wiele gery het. Hier vind 'n mens dus 'n voorbeeld van die simpton (dubbelvisie) wat self 'n stressor geword het.

Maar feite wat later bekend geword het, bewys dat, terwyl hierdie negatiewe gedagtes in Maart by Steyn gespook het, daar alreeds kontak tussen die ZAR-regering en Kitchener was, en dat eersgenoemde in Kroonstad was, kwansuis om Steyn daar te vind. Voorts het hulle vooraf verklaar dat hulle bereid was om vredesvoorstelle te maak.⁶³

Nogmaals moes Steyn, maar nou 'n swakker wordende Steyn, soos die geval voor Waterval was, hom hierby skik, "want de kogel was door de kerk". Hy maak dit nietemin duidelik dat die feit dat daar kontak tussen Kitchener en wnde. pres. Schalk Burger was – hulle het mekaar selfs persoonlik gespreek terwyl die spesiale trein na Kroonstad in Pretoria vertoef het – vir hom 'n onaanvaarbare situasie geskep het.⁶⁴

Pas na sy verklaring dat hy hom, weliswaar met 'n swaar gemoed, na omstandighede geskik het, het hy 'n verdere, uiters betekenisvolle, opmerking gemaak:

Toen ik genl. De la Rey z'n tent had verlaten, bespeurde ik, voor de eerste maal, dat ook mijn benen zwakker werden, daar ik mijn paard niet goed kon bestijgen.⁶⁵

Sou die geestelike las eindelijk ook vir sy fisiese liggaam te veel geword het?

63. N.J. VAN DER MERWE, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing*, II, p. 82; J.D. KESTELL en D.E. VAN VELDEN, *Die vredesonderhandelinge* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1982), pp. 15-29.

64. N.J. VAN DER MERWE, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing*, II, p. 83.

65. *Ibid.*, pp. 83, 84.

April 1902 - Mei 1902.

Die paar weke wat gevolg het, toe die finale spanningsvolle en emosionele tonele van die oorlog afgespeel het, toe daar beslissende besluite oor die voortbestaan van die republieke en van die Boerevolk geneem is, moet vir hierdie beredenering uit die enigszins enger hoek van M.T. Steyn beskou word.

Die verloop van die gebeure is welbekend, maar 'n aantal opmerkings is van pas. Toe daar op aanbeveling van De la Rey in Klerksdorp byeengekom is om sake uit te praat, het Steyn steeds vasgestaan by sy standpunt dat onafhanklikheid nie opgeoffer mag word nie. Dit was duidelik dat hy deur sommige lede van die ZAR-regering van koppigheid beskuldig is.

Het was mij zwaar om nu weer als het ware dwars in de weg te moeten staan - te meer daar ik wist dat altans sommigen van hen meenden dat onze oppositie tegen vrede ontstond uit loutere koppigheid en het was mij verteld geworden dat 'n paar van de leden van de Transvaal Regering zouden gezegt hebben dat zij zich niet langer door mijn koppigheid konden laten leiden.⁶⁶

Steyn, sy liggaamlike probleme ten spyt, het nietemin weldeurdagte motiverings vir hierdie sogenaamde 'koppigheid' van hom gehad: Eerstens het hy geredeneer dat die tyd juis vir die Britte beslissend was – *hulle was oorlogsmoeg*. Te oordeel aan die versugtings wat Kitchener gehad het en wat hierbo aangehaal is, was Steyn inderdaad naby aan die kol. Voorts was hy oortuig dat die tyd eintlik in die Boere se guns was – omdat diegene wat oorgebly het, deur die stryd gehard en gelouter was.

Van de plus minus 20 000 man die nog in het veld waren, waren de meesten veteranen, die gehard waren in de strijd, die alles reeds hadden opgeofferd, en die nu strede voor iets hogers dan bezittingen.

Vervolgens het hy aangedui dat die Britte hulle hoop daarop gevestig het, dat die Boere vóór die moeilike wintermaande makliker oorgehaal sou kon word. Dan sou daar 'n stewige basis wees waarop die Britte hulle onderhandelingstaktiek kon vestig, as hulle die Boereleiers net om 'n tafel kon kry.⁶⁷

Nog twee sake moet hier aangeroeer word. Steyn maak melding van die feit dat die ZAR- en OVS-regerings in verskillende buurte van Klerksdorp gehuisves is. Hierdeur het die Britte, soos tewens ook in Pretoria én weer op Vereeniging, 'n simboliese verdeeldheid tussen die twee bondgenote geskep. Die ZAR-regering is in die nûwer buurt van die dorp gehuisves terwyl Steyn en sy OVS-regering deur maj. Leggett geneem is: "... naar 'n huis in wat men noemde het oude gedeelte van Klerksdorp."⁶⁸ Die ou gevoel dat die OVS net 'n lastige tweede viool is, het waarskynlik weer by Steyn ontstaan.

66. *Ibid.*, p. 85.

67. *Ibid.*, pp. 86-88.

68. *Ibid.*, p. 84.

Die volgende aspek om op ag te slaan is dat dit juis uit die geledere van die OVS was, t.w. van Hertzog, dat 'n figuurlike stok in die vredemakers se speke gestee is. Dit was hý wat daarop gewys het dat alhoewel die twee regerings grondwetlik die reg gehad het om vrede te sluit, hulle nogtans nie oor die reg beskik het om hulle republieke se onafhanklikheid prys te gee nie. Die regerings het gevolglik gevra om Kitchener self oor hierdie haakplek te spreek.

Steyn meld dat sy gesondheid teen daardie stadium ernstig geknak was. Terwyl hulle in Pretoria was, het hy verdere mediese ondersoeke ondergaan en is sy kwaal as *Locomotor Ataxy* (letterlik: die verlies van beheer oor die liggaam om van een plek na 'n ander te beweeg) gediagnoseer.⁶⁹ 'n Finale strooi is daar op Steyn se geestelike kameelrug toegevoeg toe hy verneem het dat sy vrou Tibbie, vir wie hy in Julie 1900 op Fouriesburg laas gesien het, ernstig siek aan maagkoors (tifus) in Bloemfontein lê.⁷⁰

Die uiteinde van die haakplek was dat 50 volksafgevaardigdes vir twee weke op Vereeniging byeengekom het om tot 'n finale besluit te kom.⁷¹ En so byna hét dit die uitwerking gehad wat Steyn wou gehad het, want aanvanklik was die afgevaardigdes oorwegend ten gunste van voortsetting. Op hierdie wyse is daar tyd gekoop en die saak is dieper oopgevelek as wat Britanje sou wou hê. Maar, terwyl vir Brittanje kosbare tyd verbygegaan het, het Steyn se siekte by die dag versleg. Dit was in daardie stadium 'n suiwer fisiologiese kwaal, want die psigologiese breekpunt was reeds verby.

E. Die kulminasie

Toe die samesprekings tussen die volksafgevaardigdes aan die gang was, was Steyn reeds bedlêend. Maar alhoewel sy liggaamskragte nie meer daar was nie, het hy verstandelik nie gerus nie. Dat daar sekere besoekers, vroue en familieleden in die kamp toegelaat was, ook dat Sammy Marks toegelaat was, het hom gepla. Mens kry die indruk dat Steyn vermoed het dat 'n daar sagmaakproses aan die gang was. Vervolgens was hy ontevrede dat genl. J.C. Smuts uit die Kaapkolonie daar was, maar geen ander Kaapse afgevaardigdes nie. Waarom nie? Derdens het sy eie mense steeds swaar op hul president, nieteenstaande die feit dat hy bedlêend in sy tent was, geleun. Die vrede tussen De Wet en Hertzog moes bewaar bly, al sou De Wet ook hoe sterk standpunt oor Botha en Smuts se privaat besprekings met Kitchener gehad het.⁷²

69. *Ibid.*, II, p. 95.

70. F. ROMPEL, *Marthinus Theunis Steijn*, p. 148.

71. N.J. VAN DER MERWE, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing*, II, pp. 88, 89.

72. *Ibid.*, p. 96.

Sy posisie, het hy self gesê, het al hoe moeiliker geword:

Ik voelde dat ik al zwakker en zwakker werd en dat volgens menselike beskouing het eind niet meer ver af kon zijn.⁷³

Die finale stemming oor vrede het hy nie bygewoon nie. Hy was toe reeds nie meer die Staatspresident van die OVS nie.

Opsommend dan, op grond van die lang reeks stressors – kataklismies, privaat en chroniese irritasies – waaraan die staatshoof van ‘n oorlogvoerende land, opperbevelhebber van sy staat se magte en dryfkrag van sy bondgenoot, blootgestel was en wat hy oorwegend alleen moes bemeester, dwing mens om te vra of Steyn se oog- en latere spierkwaal nie die direkte (psigo-fisiologiese) gevolg van deurlopende stres oor byna drie jaar was nie. Die liggaam moes voortdurend in die SR, met al die fisiologiese eise daaraan gekoppel, geleef het, totdat dit in sy eie woorde duidelik geword het “de kogel was door de kerk” En wat eindelik vanaf die baie lank uitgerekte weerstandsfase (SR) volgens Selye se GAS-teorie, uiteindelik na die stadium van ineenstorting (SE) oorgegaan het.

Vrae soos: “Sou ‘n sterk, aktiewe Steyn die koers van gebeure ná Maart 1902 kon gestuit het?”, of “Sou sake anders verloop het as die huidige kennis oor stres toé reeds bekend was?”, of “Sou sy teenwoordigheid by die samesprekings op Vereniging die uitslag daarvan kon verander het?”, is slegs retories van aard en dien vandag nie meer ‘n doel nie.

Watter doel dien hierdie beredenering dan? ‘n Belangrike doelwit sal bereik wees as hiermee aangetoon is dat die kennis van geskiedenis, nie alleen aan die feitlike, fisiese, voor-die-handliggende en bewysbare gebeure gekoppel kan word nie, maar toenemend deur ander, onderliggende omstandighede ondersteun en verduidelik moet word, om sodoende ‘n beter, holistiese begrip te formuleer.

F. Die finale

Strümpfer beredeneer die bestaan van ‘n psigologiese konstruk wat hy *fortigenese* noem. Simplisties gestel beteken dit dat daar by sekere individue, terwyl hulle onder uitermate druk verkeer, ‘n innerlike krag ontwikkel waarmee stres bemeester kan word. Hy haal A. Antonovsky, ‘n Israelse navorser, aan wat hierdie toestand by sekere Jode in Duitse kampe bespeur het en hom daarna die vraag laat vra het: “Whence the strength?”⁷⁴

73. *Ibid*, p. 97.

74. D.J.E. STRÜMPFER, “The origins of health and strength: from ‘salutogenesis’ to ‘fortigenesis’”, *South African Journal for Psychology*, 1995, 25(2), p. 265.

Die ernstig verswakke Steyn het op sy pad na Holland, waarheen hy gestuur is om genesing te soek, gesê:

Ik wil hard vechten voor mij leven; want mijn vrouw en kinderen hebben mij nog nodig.⁷⁵

Steyn is eers op 28 November 1916 oorlede, terwyl hy besig was om 'n groot groep vroue in sy moederstad Bloemfontein toe te spreek. En, alhoewel hy reeds swak was, kon hy sy rede selfs nog met 'n grappie begin ...⁷⁶

Abstract

M.T. Steyn's experience of the Anglo-Boer War from a psychological perspective

At the outbreak of the Anglo-Boer War President M.T. Steyn was 42 years of age. This article examines Steyn's experience of the Anglo-Boer War from a psychological viewpoint, more specifically from a perspective dealing with the concept of stress and psycho-physiological disorders. A brief look is given to the work and theories of Hans Selye, the different types of stressors, the importance of general resistance resources and the constructs of salutogenesis and fortigenesis.

Steyn's experiences are reviewed with emphasis on three matters: his ceaseless struggle to keep his ally, the *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR), from succumbing to peace overtures and his subsequent mistrust of his ally's leadership; his persistent problems among his own forces and lastly his frequent involvement in military operations.

The conclusion is reached that Steyn's double vision and subsequent muscle disorder, seen in the light of today's scientific knowledge, and despite the various biomedical theories, can be described as a psycho-physiological disorder and not pathological in origin. It serves as an example of how stress can play a role in the course of history.

75. F. ROMPEL, *Marthinus Theunis Steijn*, p. 151.

76. J.J. OBERHOLSTER en M.C.E. VAN SCHOOR, *President Steyn aan die woord* (SACUM, Bloemfontein, 1953), p. 222.